HOOFSTUK 3

PERIODISERING: LITERATUURGESKIEDENIS EN DIE HISTORIESE ORDENING VAN LITERÊRE TEKSTE MET BESONDERE VERWYSING NA DIE AFRIKAANSE PROSA

3.1 Inleiding

Om in die volgende hoofstuk by die historiese verloop van die reisverhaal in Afrikaans uit te kom, is dit noodsaaklik om uit bestaande bronne oor dié onderwerp en in literatuurgeskiedenisse 'n aanvaarbare ordeningsprinsipe vir die periodisering van die epiese woordkuns hier te lande, wat ook toepaslik op die reisliteratuur is, te soek.

Wellek en Warren (1974:359) regverdig die belang van literatuurgeskiedskrywing op grond van uitsprake van toonaangewende Engelse literatuurhistorici wat terselfdertyd ook die beginsels van literêre periodisering impliseer.

Thomas Warton, die eerste formele geskiedskrywer van die Engelse poësie beklemtoon die ondersoek na bestaande literatuur soos volg: die literatuur "registreert nauwgezet de kenmerken van een tijd en bewaart de meest schilderachtige en veelzeggende

beschrijvingen van het leven door" (Wellek en Warren, 1974:359). Henry Morley beskou dié literatuur as "de biografie van het land" (Wellek en Warren, 1974: 359) en Leslie Stephen sien die literatuur as "een bijzondere functie van het totale maatschappelijke organisme" (Wellek en Warren, 1974:359). Laastens soek W.J. Courthope die eenheid van 'n periode/(gene= rasie) "precies waar de historicus van het politieke leven deze zoekt, namelijk in het leven van het volk als geheel" (Courthope, 1895:15).

Die meeste literatuurgeskiedenisse, soos dit in 'n groot mate in die Afrikaanse literêre geskiedskrywing die geval is, het betrekking op die letterkunde van net een land. Dit word gewoonlik deur een persoon geskryf òf word onder die toesig van 'n redakteur by= eengebring en gekompileer. Die inhoud van so 'n literatuurgeskiedenis bestaan uit 'n groot variasie stof. Hierdie konglomeraat van materiaal word deur Stutterheim (1964:12) so omskryf: "Men vind er be= schouwingen over economische en politieke toestanden; typeringen van literaire stromingen; beschrijvingen van toneelopvoeringen; excerpten van romans en dra= ma's; citaten van gedichten; waardeoordelen; ui= terlijke en innerlijke, zeer disparate levensbijzon= derheden der outeurs, enz." 'n Mens lei hieruit af dat "literatuur" gekompliseerd is, en dat sy verbande met ander verskynsels sy ontwikkeling in 'n groot mate bepaal.

Behalwe die groot verskeidenheid stof wat in 'n

mindere en meerdere mate in alle literatuurgeskiede= nisse te vind is, is daar ook verdere verskille waar= neembaar. Die geskiedskrywer se opvatting van die literatuur kan byvoorbeeld lei tot die gebruik van verskillende metodes, byvoorbeeld die stilistiese, sosiologiese en die psigo-analitiese. Dat die lewens- en wêreldbeskouing van die geskiedskrywer ook 'n invloed op sy werk kan laat, is ook aantoonbaar.

Uit bogenoemde beskouinge wil dit dus lyk of die ge= skiedenis van literatuur as kunsvorm moeilik los te maak is van die sosiale, politieke en kultuurgeskie= denis, die biografieë van die skrywers en die filoso= fiese denke van 'n bepaalde tyd, land en volk.

Die stelling van Shipley (1962:302) dat "the literary process moves in a continuous directionless flux leaves us with a chaos of isolated events on one hand and purely subjective labels on the other" kan lei tot 'n aanname wat op geen wetenskaplike verantwoor= ding berus nie. Alle literêre historici is dit juis eens dat periodes in enige literatuur bestaan en dit tot 'n minimum beperk behoort te word.

Tussen literatuurgeskiedenis en -wetenskap is daar 'n onderlinge verhouding, en in 'n studie soos dié is dit belangrik om die plek van eersgenoemde in die hiërar= gie van daardie wetenskap te bepaal. Teesing (1952: 3) se uitspraak dat literatuurwetenskap "het geheel van het wetenschappelijk onderzoek der letterkunde in al haar aspecten, waarvan het historische er één is

[omvat]", hou verband met resente sieninge oor die onderwerp. Maatje (1974:29) handhaaf dieselfde mening as Teesing, alhoewel hy 'n meer eksplisiet wetenskaplike sisteem uitgewerk het. Onder literatuurwetenskap skep hy twee kategorieë: algemene en besondere literatuurwetenskap.

Historiese literatuurwetenskap, waaronder literatuurgeskiedenis val, plaas hy dan onder die besondere literatuurwetenskap. Dit (die besondere literatuurwetenskap) beteken die studie van die letterkunde van 'n bepaalde taalgebied en word aan 'n taal self gekoppel: "de neerlandistiek, de anglistiek, de germanistiek, . . . of tot een historisch samenhangende groep van talen en literaturen: de slavistiek, de romanistiek" (Maatje, 1974:29). Hiermee word geensins 'n nasionale of ideologiese literatuurwetenskap bedoel nie, maar 'n uitgangspunt wat "een algemene theorie-van-het-object" (Maatje, 1974:29) handhaaf. Die algemene literatuurwetenskap staan dus teenoor die nasionale literatuurgeskiedenisse en sluit hulle nie in nie.

Wat ook van belang ten opsigte van die verloop van die literatuurgeskiedskrywing is, is dat die eerste wetenskaplike aktiwiteit rondom die verskynsel en enigsins verwantskap met die moderne literatuurwetenskap vertoon het, eers in die Pre-romantiek en die Romantiek, met ander woorde aan die einde van die agtiende eeu en die begin van die negentiende eeu, begin het.

Dit bring dus die interessante verskynsel mee dat literatuurkundiges tot aan die begin van die twintigste eeu onder literatuurwetenskap niks anders as literatuurgeskiedenis bedoel het nie. Die geesteshistoriese (Geistesgeschichtliche) fase wat deur Wilhelm Dilthey in Duitsland aan die einde van die negentiende eeu geïnisieer is, het voorkeur aan die term "Literaturwissenschaft" gegee; daardeur het hulle die nadruk "op het wetenschappelijk karakter van haar geschiedschrijving" (Teesing, 1954:4) gelê. Die denkrigting handhaaf die opvatting dat die literêre werk 'n dokumentêre aard het, veral as dokument wat sedert Herder en Hegel die "Zeitgeist" verteenwoordig. Die objek van die literatuurbeskouer was dikwels eerder "wat er 'achter' het literaire werk zit, het complex van ideeën waarvan, het de uitdrukking heette te zijn, de 'Weltanschauung' dan de esthetische kwaliteiten van het werk zelf" (Maatje, 1974:42).

Die tradisionele beskouing dat geen literatuurwetenskap bo die literatuurgeskiedskrywing verhef moet word nie, word ook deur twee bekende skrywers oor die onderwerpe, naamlik Petersen (1939:1-13) en Milch (1950:61) verdedig.

Wolfgang Kayser neem in sy "Einführung" voorin Das sprachliche Kunstwerk oor die tot dusver dominante posisie van die literatuurgeskiedenis 'n teenoorgestelde standpunt in. Hy meen dat sedert die eeuwenteling "sind eine Fülle neuer Methoden verkündet und erprobt worden, so dasz man den Widerstreit der

Meinungen als Krise der Literaturgeschichte bezeichnete" (Kayser, 1964:23). Die literatuurgeskiedenis het dan volgens hom 'n deeldissipline van die literatuurwetenskap geword en hy konstateer dit so: "Die Poetik ist wieder gleichberechtigt neben die Literaturgeschichte getreten und als der innerste Kreis der Literaturwissenschaft erkannt" (Kayser, 1964:24).

Daarbenewens huldig Max Wehrli die mening dat literatuurgeskiedenis binne die hiërargie van die literatuurwetenskap val. Hy beklemtoon die feit dat die algemene literatuurwetenskap spesiaal "die Wissenschaft von den Prinzipien und Methoden der wissenschaftlichen Literaturbetrachtung" is (Wehrli, 1969:4). 'n Beswaar teen Wehrli se beskouing is sy neiging om die algemene literatuurwetenskap in die eerste plek as metodeleer op te vat. 'n Mens kan die siening kortliks in sy volgende woorde saamvat: "Wir rechnen also ausdrücklich zur Literaturwissenschaft auch die Methodenprobleme der Literaturgeschichte . . ." (Wehrli, 1969:4).

Die supremasie van die literatuurgeskiedenis teenoor die "poëtica"*) wat tot in die eerste kwart van die twintigste eeu aan die orde was, het 'n reaksie

---

*) "Poëtica" het sy oorsprong van die Positivistiese literatuurbeskouing en Maatje (1974:34) stel dit so: "het Positivisme was sterk poietocentrisch ingesteld, d.w.z. het was steeds bezig met de dichter en schrijver, met diens persoonlijkheid, waarvan de literaire werken de geestelijke neerslag vonden". Teesing (1952:4) gebruik "Dichtungzwissenschaft" as substituut vir die term.

bewerkstellig. In dié verband noem Teesing (1952: 4) en soos dit ook al in 'n mindere mate in die studie aangetoon is, een van die belangrikste oorsake van die verset: ". . . het verval van het historisch bewustzijn". Die outeur meen dan tereg dat sedert Nietzsche het die stryd teen die "historisme" algemeen geword. Die dieptepsigologie wat dit moontlik gemaak het om in die dieper lae van die menslike onderbewussyn in te dring, het die histories aanvaarde beeld van die mens gewysig. Wat die eksistensialisme, wat 'n verdere ontwikkeling op Nietzsche se nihilisme is, as essensieel vir die menslike situasie beskou, het niks meer met die mens se tradisionele beeld te make nie. In die verband wys Teesing (1952: 5) op die dilemma van die situasie, naamlik dat die historiese proses hom nie laat betrek as daar 'n gebrek aan 'n vaste sisteem van waardes is nie, en hy formuleer die gevolge daarvan soos volg: "Wij kunnen de geschiedenis niet meer zien als vooruitgang of als zelfverwerkelijking van de geest, ja elke geschiedkundige constructie werkt bij voorbaat wantrouwen".

Die koms van die Outonomie-beweging het aanleiding tot die ergosentriese benaderingswyse van die literêre werk gegee. Die begrip outonomie, wat die kerngegewe van die beweging is, kan tweërlei geïnterpreteer word:

* Die literatuurstudie funksioneer as outonome wetenskap los van ander dissiplines.

* Die outonomie van die afsonderlike, literêre werk is onafhanklik van alles wat buite die werk eksisteer.

Die literêre werk voer dus 'n outonome bestaan en word deur die instrumentarium van die literatuurwe= tenskap geïnterpreteer en geëvalueer. Hierdie werk= wyse het die situasie vir die literatuurgeskiedenis minder rooskleurig gemaak, want die tradisionele me= tode het dit handig gevind om die literêre werk met 'n chronologiese oorsig in te lei.

Daar is ook 'n sterk verteenwoordigende groep teore= tici wat die bestaan van die literatuurgeskiedenis ontken. Wellek en Warren (1971:362) behandel 'n paar uitsprake wat bogenoemde standpunt steun. So byvoorbeeld beweer W.P. Ker dat geen literatuurge= skiedenis nodig is nie, omdat "haar objecten altijd aanwezig zijn, 'eeuwig' zijn en daarom eigenlijk helemaal geen geschiedenis hebben". Ook word daar deur genoemde outeurs verwys na T.S. Eliot se uit= spraak teen die "verleden zijn" van 'n kunswerk: "De gehele Europese literatuur vanaf Homerus heeft een gelijktijdig bestaan en vormt een gelijktijdige orde" (Teesing, 1952:8).

Politieke geskiedenis beteken die herskrywing van wat verby is, terwyl die letterkunde nog bestaan en 'n mens nog "vrij direct kunnen ervaren hoe de dingen zijn" (Wellek en Warren, 1971:362). Die betoog teen literatuurgeskiedenis berus op dié aanvaarding dat kuns nooit beter word nie; daarom kan dit nooit ver=

vang, herhaal of herbeskryf word nie.

Maar die teenstelling is ook waar. Uit literêr-teoretiese standpunt bly die afsonderlike literêre werk gebonde aan die wetmatighede van 'n bepaalde struktuur. Dit beteken egter nie stagnasie nie, want die struktuur is dinamies — dit verander in die loop van die geskiedenis, omdat die interpretasie en die kritiek van die literêre werk nie afgeslote is nie, maar in die tyd progressief ontwikkel. Vir die literatuurhistorikus bied die chronologiese proses dus die materiaal om te dokumenteer. Wellek en War=ren (1971:362) vat die bestaansreg en taak van lite=ratuurgeskiedenis so saam: ". . . het nagaan van de ontwikkeling van kunstwerken, die in kleinere of grotere groepen naar gemeenschappelijk outeurschap, naar genres, stijltypen of taaltraditie en tenslotte volgens schema van de universele literatuur gerang=schikt zijn".

3.2 Wat is 'n literêre periode?

Om die vraag te beantwoord, moet 'n mens van die ver=onderstelling uitgaan dat periodisering nie van die literatuurgeskiedenis losgemaak kan word nie. 'n Periode is in geen omstandigheid 'n tipe of klas nie, maar 'n fase (tydspan) wat op 'n normesisteem gebou is, en aan 'n historiese proses onlosmaaklik verbonde is. Dit is 'n wanopvatting dat die afsonderlike kunswerk 'n periode kan bepaal, maar as die werk 'n deel van 'n groter groep werke uitmaak, kan 'n

periode geïdentifiseer word en die periodebegrip der= halwe tot stand kom.

Om die geskiedenis van 'n periode te kan beskryf, is dit van belang om die wisseling van een normesisteem na die ander na te gaan en te dokumenteer. 'n Pe= riode is geen "ideaal type, noch een abstract model of een reeks logische klassebegrippen" (Wellek en Warren, 1974:376) nie, maar 'n tydsdeel wat deur 'n normesisteem beheers word en geen enkele kunswerk kan dit ten volle verteenwoordig nie.

Die eenheidsgedagte wat soms aan 'n periode toege= skryf word, is relatief — dit beteken hoogstens dat in 'n sekere tydspan 'n bepaalde normesisteem meer volledig gerealiseer het. Shipley (1962:303) deel ook die mening wanneer hy sê: "The individual pe= riods will be distinguished by the dominance of dis= tinct literary norms. The many futile attemps to define 'romanticism' or the 'baroque' show that a period is not a concept similar to a logical class."

Die literatuurgeskiedenis, hoewel dit van die kul= tuurgeskiedenis van die mens afhanklik is, kan nie sonder meer 'n skema aanvaar wat op die basis van ver= skillende materiaal en doëleindes tot stand gekom het nie. Daar moet ook aanvaar word dat literatuur nooit as 'n spieëlbeeld van die waarnemingswêreld van die mens in 'n sekere tyd gesien moet word nie, en dat die kriteria wat vir die beskrywing van 'n lite= rêre periode aangelê word, suiwer literêr moet wees.

Wellek en Warren (1974:375) vat die saaklik genoemde feite rondom die duur en aard van 'n literêre periode soos volg saam: "Vallen onze resultaten samen met die van de politieke en sociale historici, de kunst= historici en de kultuurhistorici, des te beter. Maar ons startpunt moet de ontwikkeling van litera= tuur als literatuur zijn. De periode is dan slechts een onderafdeling van de universele ontwikkeling. De periodegeschiedenis kan slechts vanuit een verander= lijk waardenschema geschreven worden en dit waarden= schema moet uit de geshiedenis zelf worden afgeleid. Een periode is dus een tijdsdeel dat door een sys= teem van literaire normen, maatstaven en conventies beheerst wordt, waarvan het begin, de expansie, de verandering, de integratie en het verdwijnen nagegaan kan worden."

Die omskrywing van 'n literêre periode toon by die verskillende outeurs 'n groot mate van ooreenkoms. Teesing, 'n Nederlandse kenner van die Germanistiek en die Duitse literatuurwetenskaplike tradisie en boonop eksponent van die navorsing oor periodisering, se definiëring van 'n periode kom in 'n groot mate ooreen met die van Wellek. Hy plaas egter 'n groter aksent op die lewenshouding en wêreldbeskouing en aanverwante stylkenmerke van literêre werke in 'n sekere periode. Teesing identifiseer dan 'n periode soos volg: "In der Literaturgeschichte müsste der einheitliche Character einer Periode sich etwa erken= nen lassen an einer gewissen Übereinstimmung in der Lebenshaltung, der Denkform, der Weltanschauung, in

der Akzentuierung bestimmter Werte, in der Vorliebe für gewisse künstlerische Darstellungsmittel, also an einem verwandten 'Stil' des Dichtens, Lebens und Den=kens" (Teesing, 1949:9).

In 1935 is die tweede internasionale konferensie oor literatuurgeskiedenis en periodeprobleme gehou. Max Wehrli vestig die aandag daarop dat daar tydens die besprekings oor die onderwerp by die konferensie wei=nig ooreenstemming oor sekere belangrike probleme was, naamlik die omskrywing van die begrip generasie, die objektiewe en subjektief-psigologiese basis van periodisering. Wehrli het derhalwe groot waardering vir die vordering wat tot dusver op die gebied ge=maak is. Hy steun ook die opvatting dat 'n periode op grond van literêre kriteria afgebaken moet word en dat daar ooreenstemming met ander periodesisteme kan wees. Sy slotsom, wat ook onder andere die me=ning van N.P. van Wyk Louw is, beklemtoon die waarde van styl as 'n ordeningsprinsipe: ". . . die Perio=den bedeuten übergeordnete Stilzusammenhänge, die nun allerdings möglichst viel Aspekte formaler, ge=haltlicher, struktureller Art decken und zur Deckung bringen sollen" (Wehrli, 1951:140).

Maatje (1974:118) beredeneer periodisering vanuit die uitgangspunt van die "Autonomie-bewegingen". Die literêre werk is vir hom die struktuur waaruit 'n wêreld uit woorde opgebou is. Die "manieren-waarop" 'n struktuur opgebou word, benader hy vanuit twee prinsipes, naamlik die historiese en die sistematiese.

Die historiese prinsipe, wat hier relevant is, is vir hom eerstens kousaal bepaal. 'n Mens sal verwantskap eerder by werke van dieselfde skrywer vind as dié van verskillende outeurs; so ook by werke wat uit dieselfde tyd kom as in dié van verskillende tye; eerder uit werke van een kultuurverband as uit dié van afsonderlike kultuurverbande. As die literatuurgeskiedenis op die veronderstelling gebou is, kan 'n literêr-historiese periode so saamgevat word: "Een literairhistorische periode wordt in de eerste plaats gevormd door een aantal in een bepaald tijdvak ontstane en in enig opzicht verwante werkstructuren" (Maatje, 1974:118).

Uit die bogenoemde, soms uiteenlopende idees omtrent periodisering, kan 'n mens tog 'n samevattend gemeenskaplike beskrywing aflees: 'n Periode is onlosmaaklik van die literatuurgeskiedenis; daarom kan dit nie van die historiese proses geskei word nie. Dit is dus 'n tydspan wat op grond van 'n sisteem van van literêre norme geïsoleer kan word. So kan aanverwante stylkenmerke en werkstrukture in 'n bepaalde tyd en toevallig ooreenkomstige kenmerke van die kulturele, sosiale en politieke geskiedenis substansiële faktore tot aanvaarbare periodisering wees.

3.3 Aanvaarbare kriteria by die bepaling van 'n literêre periode

Dit is so dat werklik indringende studies oor periodisering in die geskiedenis van 'n literatuur betreklik jonk is. Twee persone wat na die Tweede Wêreld-

oorlog op die studieterrein 'n weg gebaan het, is René Wellek (1940:73-93) met sy artikel "Periods and movements in literary history" en Teesing (1949) met sy doktorale proefskrif Das Problem der Perioden in der Literaturgeschichte. Tydens die publikasie van dié twee navorsingstukke was dit in Wes-Europa en Noord-Amerika moeiliker as tans om 'n kriterium vir 'n wetenskaplike ordening van literêre materiaal aan te lê.

Die rede vir bogenoemde bewering is dat periodisering tot dusver, veral in die lig van die fenominale opkoms van die moderne literatuurwetenskap, aan twee onaanvaarbare opvattings gekoppel was. Eerstens was daar die metafisiese opvatting wat poneer dat 'n periode 'n entiteit is en dat die wese en aard daarvan slegs intuïtief geken kan word. Dit kom daarop neer dat 'n periode "onafhankelijk [is] van het materiaal dat er mee zou kunnen worden aangeduid" (Kunne-Ibsch, 1977:284). Tweedens vind 'n mens die nominalistiese opvatting, wat "van een periode alleen een woordetiket voor een bepaalde tijdsspanne maakt" en toevallig beskryf kan word, terwyl Kunne-Ibsch (1977:284) hierdie opvatting soos volg formuleer: "Er zijn zoveel perioden als er literaire werken zijn". Met so 'n werkwyse kan 'n mens van 'n kroniek 'n literatuurgeskiedenis maak wat in eeue, dekades en jare ingedeel is.

'n Populêre kriterium waarop literatuurgeskiedenisse hul periodisering gebaseer het, is politieke veranderinge. Die probleem wat dié ordeningsprinsipe van

periodes ten grondslag lê, is dat alles aan politieke historici oorgelaat kan word — hulle verdeling word soms kritiekloos oorgeneem. Die Engelse literatuur is 'n mooi voorbeeld van bogenoemde, naamlik waar regeringstydperke van konings die afbakening en chronologie van die periodes bepaal het. Om dus 'n ordening van literêre tekste te maak wat aan die re= gerings van George III, George IV en Willem IV ge= koppel is, kan hoogstens 'n soort numeriese indeling wees.

Die meer resente geskiedenis van die Engelse letter= kunde is 'n mengelmoes van periodes wat op grond van verskeie betekenisinhoude onderskei word. So by= voorbeeld het die periode Restourasie sy ontstaan as gevolg van politieke gebeure gehad; die Reformasie kom van die kerkgeskiedenis; die Humanisme is sino= niem met die opkoms van die wetenskap en die Renais= sance kan met die kunsgeskiedenis verbind word.

Die bonte verskeidenheid van kriteria wat uit die enkele verwysings waargeneem is, skep die indruk dat die literatuurgeskiedenis 'n skema vir periodisering aanvaar wat uit uiteenlopende materiaal en doelein= des tot stand gebring is. Hierteenoor beklemtoon Wellek en Warren (1974:375) 'n kriterium wat suiwer op literêre grond moet funksioneer: "Literatuur moet niet alleen als een passiewe weerspiegeling of kopie van politieke, sosiale of zelfs intellectuele ont= wikkeling van de mensheid gezien worden. De lite= raire periode moet dan ook op grond van zuiwer lite= raire kriteria worden vastgesteld".

Teesing se proefskrif, Das Problem der Perioden in der Literaturgeschichte, is onder andere op die se= wende kongres (1973) van die International Compara= tive Literature Association te Montreal en Ottowa bespreek. Die belang hiervan is dat deskundiges die studie nog steeds as aktueel beskou, en dat Tee= sing se standpunt by die geleentheid met die van Tynjanov ('n Russiese formalis) en die van Makařov= skỳ ('n Tsjeggiese strukturalis) vergelyk is. Die volgende samevattende standpunte (Kunne-Ibsch, 1977: 286) van die kongres, wat in 'n groot mate op die beskouing van Teesing gebaseer is, kan dus as dui= delike riglyne dien om aanvaarbare kriteria vir pe= riodisering daar te stel:

* Teesing se standpunt: "Das metaphysische An= sicht der Geschichte geht aber den Historiker auch nicht das geringste an" (Teesing, 1949:43), wys die platonies idealistiese periodebegrip geheel en al af.

* Die eiesoortigheid en individualiteit van 'n periode kan alleenlik uitgesonder en beskryf word as die verskynsels wat dit kenbaar maak met ander soort= gelyke verskynsels ooreenstemming toon.

* Teesing huldig die mening dat die verskillende kultuuruitinge van 'n bepaalde tyd in 'n funksionele geheel tuishoort. Omdat die kultuurverskynsels van 'n sekere tyd ook literêre periodisering impliseer, brei hy sy standpunt soos volg uit: "Die einzelnen Kulturelemente lassen sich nicht auseinander

'erklären', sie stehen in einem Strukturzusammenhang und lassen sich demzufolge nur 'verstehen'" (Teesing, 1949:99).

* Die wese van 'n periode is soms nie maklik omskryfbaar nie. 'n Mens kan eers van 'n geheel praat wanneer 'n groep van kenmerke in duidelike omskryfbare gedeeltes en strukture aangetref word.

* Dit is foutief om die struktuur van 'n periode as 'n organisme te sien. Die syn van 'n organiese geheel is immers prinsipieel begrond, terwyl 'n periode eers in die tyd moet realiseer, alvorens 'n mens oor al die dele kan beskik om die sintese van die konstruksie te vorm.

* Teesing verbind onomwonde styl as 'n kenmerk van 'n periode. Om die rede moet 'n sekere styl wat aan 'n periode verbind word eers uitgedien raak, voor 'n nuwe periode erken kan word.

* Die tipologiese gebruik van periodebegrippe moet met groter omsigtigheid hanteer word. 'n Periodebegrip moet vir 'n bepaalde tydsverloop gereserveer en daarvolgens gebruik word. Teesing (1949:45) waarsku soos volg teen 'n a-historiese afwisseling van periodebegrippe: "In dem Idealtypus ist ein derartiger Abstraktionsgrad erreicht, dasz er nicht mehr unbedingt an eine bestimmte Zeit oder an einem bestimmten Ort gebunden ist . . . Eine solche Verwendung eines Periodenbegriffs als eines zeitlosen Typus ist aber gewisz nicht empfehlenswert: sie entindividualisiert den Begriff und stiftet dadurch

Verwirrung".

* 'n Beeld van 'n periode kan in sekere gevalle op die enkele werk gebou word en daaruit word weer pro= beer om die "Gesamtgeist" van die tydperk te ver= klaar. Hieromtrent meen Kunne-Ibsch (1977:287) dat Teesing 'n sekere (relatiewe) outonomie van die lite= rêre sisteem verantwoordelik vir veranderinge hou.

* Die konstruksie van 'n periodebegrip kan ook uit die teks en konteks geabstraheer word. Teesing kon= stateer die mening so: "Das Periodenbild enthält al= so der Dichtung gegenüber ein nicht zu übersehendes Plus . . . ." (Teesing, 1949:101).

Teesing se navorsingswerk oor periodisering, alhoewel dit al in 1949 gepubliseer is, vertoon duidelik oor= eenkoms met die soortgelyke probleemstelling van die moderne literatuurwetenskap. Die opvallendste ver= skil is die gebruik van 'n gewysigde terminologie van die huidige literatuurwetenskap; daarom "moet als één van de criteria van wetenschappelijkheid dat van de ontwikkeling van een metataal" gestel word (Kunne-Ibsch, 1977:287). Die semiotiek, "de wetenschap die zich bezig houdt met de bestudering van tekens en tekensystemen" (Van Dijk, 1971:29) en waarvan Saus= sure die eksponent is, kan ook 'n handige hulpmiddel wees om 'n periode te isoleer en te beskryf. Kunne-Ibsch (1977:287) sien dus die funksie van die semio= tiek ten opsigte van periodisering soos volg: ". . . wij willen stellen dat een periode wordt gevormd door een groep van literaire teksten die binnen een

min of meer nauwkeurig aan te geven tijdsbestek op overeenkomstige wijze zijn gecodeerd".

Om dus tot 'n samevatting van ordeningsprinsipes vir periodisering te kom, is dit nodig om enkele aspekte hiervan ten opsigte van die Afrikaanse literêre situasie in oënskou te neem. 'n Tradisie wat in die Afrikaanse letterkunde algemeen aanvaar word en uit wetenskaplike oogpunt onversoenbaar is, is die werkwyse om skrywers wat in dieselfde tydperk woordkunswerke gepubliseer het onder 'n gesamentlike noemer te plaas, byvoorbeeld Twintigers, Dertigers, ensovoorts. Dit is verkeerd om so 'n algemeen numeriese indelingsprinsipe te gebruik, want daardeur word die indruk geskep dat 'n bepaalde skrywer se werke gelykgestel word aan dié van ander skrywers.

In die Afrikaanse literatuurwetenskaplike literatuur is daar tot dusver oor die ordeningsprinsipes van prosatekste betreklik min geteoretiseer. Rondom die begrip "vernuwing" is daar ten opsigte van die verhalende prosa tydens die periode van Sestig duidelike kriteria voorgehou. Daar moet ook gelet word op die feit dat die begrip "vernuwing", soos dit in die Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing gevind word, telkens 'n nuwe periode aangedui het.

N.P. van Wyk Louw het uit die nagaan van die maniere waarop die roman en die prosakuns hom in die verlede vernuwe het by die volgende samevattende kriteria uitgekom: "deur die aanpak van nuwe temas; deur

die opkoms van 'n nuwe woordgebruik; deur nuwe ma= niere van bou, dit wil sê 'n nuwe volgorde in die aanbied van feite; deur die opkoms van 'n nuwe wêreldbeskouing van waaruit die werk geskrywe word" (Louw, 1963:73).

John Miles wys op twee gevalle waar die nate van die struktuur versit word. Alhoewel dit twee struktuur= verskynsels is, kan dit tog as kriteria by die bepa= ling van 'n nuwe periode dien. Eerstens wys hy op prosa wat die grense van die genre oorskry, met ander woorde, daar is "oorvleueling" tussen die verskillen= de epiese genres wat die literêre tradisie ons laat erf het. Tweedens word die tydsaspek binne die ver= halende prosa van Sestig nie meer aan die tradisio= neel aanvaarde epiese tyd gekenmerk nie.

Daar word twee onderskeidinge deur André P. Brink (1967:13) ten opsigte van die hele gebied van die Afrikaanse prosa gemaak, naamlik die "ouer prosa" en die "nuwer prosa". Die "nuwer prosa", wat volgens hom vanaf 1956 dateer en sinoniem met die Sestigers geword het, dui eintlik 'n nuwe tydsdeel of periode van die verhalende prosa hier te lande aan. Die "nuwer prosa" het veral drie hoofaspekte wat hy as kriteria gebruik om die epiese prosa in die bepaalde groepering te plaas:

* 'n uitgangspunt waar die relatiewe as romange= gewe beklemtoon word en nie meer die absolute nie;

* 'n meer indringende ontginning van alle aspekte van die romanstruktuur en

* dat tyd as 'n meer aktiewe struktuurfaktor ge=sien word.

Die uitsprake van die bogenoemde paar skrywers, wat slegs voorbeeldgewys gebruik is en geensins volledig is nie, oor die hoofaspekte van "vernuwing" en wat terselfdertyd ook die kriteria van 'n nuwe periode inhou, kom in 'n groot mate ooreen met dié van Tee=sing, Wellek en Kunne-Ibsch. As 'n mens in aanmer=king neem dat die Afrikaanse epiek in 'n baie kort tydsbestek die hele wêreldgeskiedenis van die prosa moes inhaal, het die geskiedskrywing van die litera=tuur hier te lande tog 'n noemenswaardige bydrae ge=lewer — al word dit as klein in vergelyking met die van ons Westerse stamgenote beskou.

3.4 'n Bruikbare indeling vir die Afrikaanse prosa wat ook toepassingsmoontlikheid op die reis=literatuur het

Hoewel die beoefening van die geskiedskrywing, wat enigsins iets met die literatuur te make het, na die dagboeke, briewe, reisverslae en joernale uit die Hollandse periode teruggevoer kan word, begin die werklik wetenskaplike literatuurgeskiedskrywing eers aan die begin van die twintigste eeu. Die geskied=skrywing voor 1900 was gemik teen die eensydige En=gelse geskrifte en het opmerklik die Boere se optre=de en die republikeinse ideaal vooropgestel. 'n Mooi voorbeeld hiervan is S.J. du Toit en andere se Geskiedenis van ons land in die taal van ons volk (1877). Die werk is ook die eerste wat die geskie=

denis van Suid-Afrika in Afrikaans vertel.

Die aanvangspoging tot die Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing kan seker aan die verskyning van G. Besselaar se Zuid-Afrika in de letterkunde in 1914 verbind word. Alhoewel dit in die eerste drie hoofstukke oor die ou reisbeskrywings van die Portugese, Franse, Duitsers en Swede gaan, word die verdere hoofstukke aan die Afrikaanse letterkunde en die invloed van die inboorlinge daarop gewy. P.C. Schoonees se Die prosa van die Twede Afrikaanse Beweging (1927) lewer 'n belangrike bydrae tot die historiese verloop van die Afrikaanse prosa tot aan die einde van die Tweede Beweging. Sy ordening van die prosa berus soms op 'n tema, byvoorbeeld "die mens in die Afrikaanse verhaalkuns" (Schoonees, 1914:10); dan weer op 'n skrywer óf 'n groepering van skrywers wat min of meer oor dieselfde tema geskryf het.

Behalwe die artikels in tydskrifte, afsonderlike hoofstukke in boeke, biografieë, monografieë, kultuur- en taalgeskiedenisse, ensovoorts, wat op een of ander wyse verband met die literatuurgeskiedenis het, het die volgende outeurs en hulle onderskeie werke die Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing in 'n groot mate verruim: G.S. en P.J. Nienaber het afsonderlik en gesamentlik op die gebied 'n groot bydrae gelewer; hier word slegs hul spanpoging oor die Eerste Taalbeweging genoem, naamlik Geskiedenis van die Afrikaanse Beweging; E.C. Pienaar se Die triomf van Afrikaans wat oor die wordingsgeskiedenis van Afrikaans handel; meer resente werke is Skrywers en

rigtings van G.J. Beukes en F.V. Lategan; F.I.J. van Rensburg se artikelreeks in Die Taalgenoot wat onder die titel Die smal baan uitgegee is, en E.H. Raidt se Afrikaans en sy Europese verlede wat 'n sistematiese oorsig van die agtergrond gee waaruit Afrikaans en so ook sy letterkunde gebore is.

Die algemene of omvattende literatuurgeskiedenisse in Afrikaans is dun gesaai. Met hierdie stelling word geen verwyt na die Afrikaanse literatuurhistorici geslinger nie; inteendeel, binne die kortstondige bestaan van die Afrikaanse letterkunde het hierdie deeldissipline noemenswaardige aandag verdien, en is daar vir elke tyd 'n gedugte produksie gelewer. Weens die relatief kort literêre tradisie en die besondere aard van die materiaal waarmee die opstellers van die algemene literatuurgeskiedenisse in Afrikaans moes werk, kan dit vanselfsprekend nie met onder andere die omvang van die werk van Knuvelder, die Nederlandse literatuurhistorikus, vergelyk word nie. Tog vind 'n mens, vir watter doeleindes ook al, in die drie algemeen erkende Afrikaanse literatuurgeskiedenisse 'n duidelike weergawe, in al sy verbande, van die letterkunde vanaf die aanvang tot die hede.

Die algemene literatuurgeskiedenisse wat tot dusver in Afrikaans erkenning geniet het, is G. Dekker se Afrikaanse literatuurgeskiedenis (1935; twaalfde uitgawe 1972) en Rob Antonissen se Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede (1955; derde uitgawe 1965). Die nuutste en omvattendste werk in die verband is J.C. Kannemeyer se Geskiedenis van die Afrikaanse

literatuur, dl. I — "'n werk wat die Afrikaanse literêre geskiedskrywing op peil plaas met die beste wat tot dusver al in die Dietse taalgebied gelewer is" (Botha, 1978:7). Perspektief en profiel wat deur P.J. Nienaber saamgestel is, gee in die eerste inleiding 'n kort weergawe van die literêr-historiese verloop, maar as saamgestelde bundel bied dit geen deurlopende behandeling van die geskiedenis nie. Onder die redaksie van E. Lindenberg verskyn Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde in 1973. Elke genre word hier afsonderlik bespreek en veral die hoofstuk waarin André P. Brink die prosa en in besonder die indeling daarvan behandel, is vir die opset van dié studie van belang.

Die probleem waarom dit dus hier gaan, is die soeke na 'n aanvaarbare indeling van die Afrikaanse prosa wat op oortuigende ordening berus. 'n Redelike werkwyse sal hier wees om die indelings van die bestaande literatuurgeskiedenisse na te gaan, en daaruit 'n bruikbare ordening vir die prosaliteratuur en in besonder vir die reisliteratuur te probeer vind.

G. Dekker kom in sy Afrikaanse literatuurgeskiedenis die eer toe dat hy die eerste was om vir sy tyd die hele gebied van die literêre geskiedskrywing te dek; hy het ook in die onderskeie, hersiene uitgawes sy oorsig aangevul en nuwe skrywers en hul werk bygewerk. Volgens Dekker is die indeling een van die groot probleme van die literatuurhistorikus. Wat ook, volgens hom, die taak van die Afrikaanse literatuurgeskiedskrywer aansienlik bemoeilik, "is die feit

dat daar so 'n verskil in die ontwikkelingsritme van die digkuns aan die een kant en dié van die prosa en die drama aan die ander kant" is (Dekker, 1964: Voor= woord). Daar is drie ordeningsprinsipes wat Dekker pertinent in sy "Voorwoord" tot sy Afrikaanse litera= tuurgeskiedenis noem, en wat hy ook by die indeling van sy materiaal so gebruik het, naamlik "om die his= toriese groei min of meer gelyktydig oor die hele linie te skets, om die eenheid van die kunstenaars= persoonlikheid en sy oeuvre te eerbiedig en om dit wat kragtens aard, vorm of tema by mekaar hoort, saam te behandel" (Dekker, 1964:Voorwoord).

Dekker se indeling van die Afrikaanse prosa, die genre wat alleenlik in dié proefskrif ter sprake is, lyk dan soos volg:

* Die Hollandse periode

Die tydperk word afgesonder, omdat die begindatum van die Afrikaanse letterkunde sinoniem met 1652, die aankoms van Jan van Riebeeck aan die Kaap, gesien word. Die einde van die periode val saam met die stigting van die G.R.A. in 1875, 'n beweging wat nie bloot taalbeweging was nie, maar 'n poging tot 'n nuwer en groter volksbewussyn.

* Die Eerste Afrikaanse Taalbeweging

Die prosaproduksie van die periode was wel kleiner as die van die "poësie" (rymelary), maar die gehalte daarvan is beter. Die groepering van die prosa val saam met die gemeenskaplike strewe van die Genoot= skapper: ". . . om [die volk] te besiel met

nasionale selfbewussyn en trots, met liefde vir sy eie taal" (Dekker, 1964:27).

* Die periode 1900-1930

Die prosa van die periode word volgens die aard van die temas ingedeel met 'n dienooreenkomstige groepe= ring van skrywers soos die tema in hulle werke te vind is. J.H.H. de Waal se romans, naamlik Johannes van Wyk (1906) en Die Tweede Grieta (1912) ressorteer dan volgens die werkwyse onder "intrigeromans en ver= telkuns" (Dekker, 1964:118).

* Die prosa na 1930 is eintlik 'n voortsetting en verdieping van die vorige periode met die klem nog steeds op die volgende gemeenskaplike kenmerke: die lokaal historiese, die realistiese en die romantiese. Die periodisering geskied weer, soos in die vorige afdeling, op grond van groeperinge van skrywers wat oor 'n bepaalde tema geskryf het.

Die periodisering, soos Dekker dit in sy literatuur= geskiedenis hanteer het, is egter nie sonder enige tekortkominge nie. Die volgende opmerkings kan in die verband gemaak word, naamlik dat die geheel van die literatuurgeskiedenis verbreek word deur die ver= loop van die genres afsonderlik te behandel; sy groepering van skrywers binne 'n periode op grond van bepaalde temas wat in hulle werk gevind word, kom te fragmentaries voor en dat J.S. Rabie, Dolf van Niekerk en Etienne Leroux eerder by die daaropvolgende periode tuishoort. Kannemeyer (1978:1) opper die volgende besware in sy "Voorwoord" tot Geskiedenis

van die Afrikaanse literatuur teen die werkwyse van Dekker: ". . . sy indelings en periodisering toon ernstige gebreke en sy behandeling van outeurs is nie sonder feitlike onjuisthede nie".

Rob Antonissen, net soos Dekker, beskou "periodisering [as] die historikus se fundamentele bekommernis" (Antonissen, 1960:1). Perspektiwies beskou, is Antonissen se geleding van die Afrikaanse prosa begrond en oortuigend vir die tydperk wat sy oorsig beslaan. Die politieke, kulturele en maatskaplike invloede op die prosa van elke onderskeie periode is in sy gedronge stylvorm so weergegee dat 'n mens stap vir stap die grense van elke periode kan uitken. Antonissen weer in sy boek die term "Driemanskap" en gebruik "eerste geslag", terwyl die tradisionele dekade-indeling van die Afrikaanse literatuur in 'n groot mate beperk is. Soms word daar, soos dit by Antonissen gevind word, beswaar teen die bloot tematiese indelings gemaak, byvoorbeeld "mens en dier in die oerwêreld", alhoewel sy besondere hanteringswyse daarvan tog 'n beter sistematiek bewerkstellig en 'n bepaalde sin vir studiedoeleindes het. Samevattend kan 'n mens die waardeoordeel van Kannemeyer gebruik om Antonissen se bydrae tot die Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing vir sy bepaalde tyd in 'n neutedop saam te vat: "Antonissen [het] met sy skerper afbakenings, chronologiese verbandlegging en integrale behandeling van skrywersfigure 'n bevredigende beeld van die historiese verloop gegee, terwyl sy bespreking van bepaalde outeurs van sy juiste insig

en oordeel getuig. In sy poging om sy oorsig kern=agtig en beknop te hou, raak hy soms te kripties, al bly sy boek 'n ryk bron waaruit die ondersoeker van vandag baie kan put" (Kannemeyer, 1978:1).

Omdat Antonissen en Kannemeyer se indelings van die Afrikaanse prosa in 'n groot mate ooreenkom, en om dus oorvleueling te voorkom, gaan daar later net 'n uiteensetting van Kannemeyer se periodisering gegee word.

André P. Brink (1973:76) verdeel die Afrikaanse prosa in twee fases, naamlik die "ouer prosa" en die "nuwer prosa" en die Tweede Wêreldoorlog dien min of meer as die waterskeiding tussen die twee periodes. Binne elke periode dui hy die tematiese verloop aan soos dit opeenvolgend waargeneem is; by die "ouer prosa" doen hy dit byvoorbeeld soos volg: die "beginpunte", "liriese epiek", "satire en didaktiek", "dramatiese epiek", "stemme uit Twintig", "digters van Dertig", "'n nuwe fase van realisme", "tradisionele werk van Veertig en Vyftig" en "twee 'filosofiese' figure". Die kriteria wat hy gebruik om die prosa in die onderskeie groeperinge te orden, kom in 'n groot mate ooreen met Louw (1963) se opvatting oor vernuwing en die ordeningsprinsipes van Teesing (1949).

J.C. Kannemeyer se Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur, die mees resente werk van die aard in Afrikaans, is onteenseglik tot dusver die omvangryk=ste. Kannemeyer (1978:1) erken dat hy in sy eie oorsig "dankbaar kon gebruik maak van die waardevolle

arbeid van Dekker en Antonissen, die bestaande stu=dies oor spesifieke outeurs en tydvakke uit ons lite=ratuur en die soms voortreflike beskouinge wat daar veral in die afgelope twee dekades en meer oor afson=derlike gedigte, romans en dramas gepubliseer is".

In die eerste verskene deel van dié literatuurgeskie=denis word die tradisionele dekadisering van die Afrikaanse literatuur geweer en 'n beduidende her=groepering vind plaas, byvoorbeeld E.N. Marais word in teenstelling met Dekker en Antonissen onder die geledere van die "tweede geslag" geplaas. Prinsi=pieel gaan 'n mens akkoord met Kannemeyer se periodi=sering en hy slaag daarin om die breë perspektief van die Afrikaanse literatuur oop te lê. In 'n groot mate handhaaf hy in die literatuurgeskiedenis Antonissen se indelings en 'n besondere bate van die werk is dat hy "'n versnippering van figure" (Kanne=meyer, 1978:1) probeer vermy; gevolglik word skry=wers, wat hulle oeuvre betref, nie volgens genres óf periodes verbrokkel nie, maar in groot gehele aange=bied.

'n Besondere funksionele en verhelderende werkwyse is dat elke letterkundige periode met 'n algemeen historiese oriëntering ingelei word. Dit gee 'n duidelike aanduiding van die geskiedkundige faktore wat hul invloed op die literatuur laat voel het. So word byvoorbeeld die leser se begrip van die litera=tuur van die Eerste Afrikaanse Beweging verhelder deur die volgende oriëntering van die algemene denk=klimaat en gebeure wat op die periode 'n invloed

gehad het: die ontwaking van die Afrikanernasiona=lisme, die omwenteling in die maatskaplike en ekono=miese toestande, die Afrikanerbond en sy funksie en die opvoedkundige ontwikkelings.

Kannemeyer meen ook dat "die pad van die letterkunde en dié van die politici dikwels saamloop. Die Eerste Beweging, onder aanvoering van S.J. du Toit, het saamgehang met die opkoms van die Afrikanernasio=nalisme en was ook die begin van die eerste litera=tuur in Afrikaans" (Botha, Amanda. 1978:4). Hy wys ook daarop dat by elke, opeenvolgende geslag vanaf S.J. du Toit tot by Breyten Breytenbach die samehang tussen literatuur en politiek baie nou was.

Botha (1978:7) het groot waardering vir die omvang en volledigheid van Kannemeyer se literatuurgeskiede=nis, en hy noem die wyse waarop die skrywer struk=tuurkwessies by sy oordele betrek as 'n groot bate van die boek. Hy verwys onder andere na Kannemeyer se behandeling van N.P. van Wyk Louw se oeuvre waar die klem voortreflik verskuif na eksegese en ander temas. Hiervan is Tristia in die algemeen 'n goeie voorbeeld en in die besonder "Groot ode".

Om dus by 'n bruikbare indeling van die Afrikaanse prosaliteratuur uit te kom wat terselfdertyd ook die reisliteratuur kan insluit, lyk Kannemeyer se perio=disering die aanneemlikste. Hierdie indeling van Kannemeyer sal in die volgende hoofstuk, waar 'n historiese oorsig van die reisverhaal gegee word, in 'n mindere of meerdere mate gevolg word. Die

volgende indeling, wat uit vyf onderskeidinge bestaan, beslaan die hele gebied van die Afrikaanse prosaliteratuur vanaf die oorsprong tot die werke van vandag, en elke literêre periode se bestaan word deur Kannemeyer gemotiveer en beskryf:

* Die oorsprong van die Afrikaanse letterkunde (1652-1875).

* Die periode van die Eerste Afrikaanse Beweging (1875-1900).

* Die Tweede Beweging en selfstandigwording (1900-1930).

* Dertig en verdere verbreiding (1930-1955).

* Sestig en die hedendaagse letterkunde (1955-hede).

Verwysings by hoofstuk drie

Antonissen, R. 1960. Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede.

Botha, Amanda. 1978. Die doktor en die literêre geheim(nisse). In: Ritgids, bylae by Die Transvaler, 19 Augustus.

Botha, J. 1978. Dit vergelyk met die beste. In: Die Transvaler, 7:8 kol. 5 Augustus.

Brink, André P. 1967. Aspekte van die nuwe prosa.

Brink, André P. 1978. Die prosa na 1900. In: Lindenberg, E. red. Inleiding tot die Afrikaanse

letterkunde.

Courthope, W.J. 1895. A history of English poetry, dl. I.

Dekker, G. 1961. Afrikaanse literatuurgeskiedenis.

Kannemeyer, J.C. 1978. Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur, dl. 1.

Kayser, W. 1964. Das sprachliche Kunstwerk.

Kunne-Ibsch, E. 1977. Periodiseren: De historische ordening van literaire teksten. In: Kunne-Insch, E. red. Tekstboek algemene literatuurwetenschap.

Louw, N.P.v.W. 1963. Vernuwing in die prosa.

Maatje, F.C. 1974. Literatuurwetenschap.

Milch, W. 1950. Über Aufgaben und Grenzen der Literaturgeschichte. Ak. der Wissenschaft und Literatuur, nr. 2.

Miles, J.D. 1973. Om die nate te versit. In: Polley, J. red. Die Sestigers.

Petersen, J. 1939. Die Wissenschaft von der Dichtung, dl. 1.

Schoonees, P.C. 1914. Die prosa van die Twede Afrikaande Beweging.

Shipley, J.T. 1962. Dictionary of world literature.

Stutterheim, C.F.P. 1966. Problemen der literatuurwetenskap.

Teesing, H.P.H. 1949. Das Problem der Perioden in der Literaturgeschichte.

Teesing, H.P.H. 1952. Literatuurgeschiedenis en literatuurwetenschap.

Van Dijk, T.A. 1971. Moderne literatuurteorie.

Wehrli, M. 1969. Allgemeine Literaturwissenschaft.

Wellek, R. 1940. Periods and movements in literary history. In: English Institute Annual.

Wellek, R. en Warren, A. 1974. Theorie der litera= tuur.